

# MEDIA RELEASE

20 November 2019

## Ouditeur-generaal doen 'n beroep op regeringsleiers om "onmiddellik op te tree" om die tendens van "teleurstellende" ouditresultate te stuit

**KAAPSTAD** – Die ouditeur-generaal (OG), Kimi Makwetu, het vandag 'n beroep gedoen op regeringsleiers om dringend stappe te neem om die tendens van teleurstellende ouditresultate te stuit, aanspreeklikheid te herstel en wanbestuur van openbare fondse te verhoed.

Met die vrystelling van sy 2018-19 algemene verslag vir nasionale en provinsiale regerings en hul entiteite, is Makwetu van mening dat politieke leiers, rekenpligtige amptenare en owerhede asook oorsigstrukture "onmiddellik stappe moet neem om die regering se aanspreeklikheid teenoor die mense van Suid-Afrika te herstel. Dit kan gedoen word deur te reageer op die onlangse oudituitkomste en doeltreffend te handel met die wesenlike onreëlmatighede wat geïdentifiseer is, asook deur voorkomende beheermaatreëls in te stel om die gety van ongewenste rentmeesterskap oor openbare fondse om te swaai".

Sy verslag – met die tema *Act now on accountability* – onthul "teleurstellende" ouditresultate vir 2018-19 en "stadige vordering" oor die vorige vyf jaar. Makwetu het hierdie gebrek aan vordering tot gewenste oudituitkomste grootliks toegeskryf aan diegene wat in beheer was se gesloer met die implementering van sy kantoor se oudit-aanbevelings of totale verontagsaming daarvan.

## Eerste statusopdatering van die implementering van die OG uitgebreide magte

Die OG se algemene verslag bied vir die eerste keer 'n opgedateerde status van die eerste jaar van implementering van sy uitgebreide magte gegewe die wysiging van die Wet op Openbare Oudit (PAA).

Die wysigings het op 1 April 2019 in werking getree en die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA) het begin om die wysigings by 16 geselecteerde geouditeerde toe te pas. Die auditkantoor sal in die jare wat voorlê hierdie wysigings inkrementeel en stelselmatig by ander geouditeerde oor die drie regeringsvlakke heen implementeer.

Met 'n kort uiteensetting van die tekortkominge in bestuur en basiese interne beheermaatreëls wat daartoe geleid het dat die Parlement eenparig ten gunste van die wysiging van die PAA gestem het, skilder Makwetu 'n prentjie van administrateurs en owerhede wat grootliks nie daarin kon slaag om die auditadvies en -aanbevelings van sy kantoor te implementeer nie.


"Ons aanbevelings het geensins meer vereis as wat rekenpligtige amptenare en owerhede regtens verplig was om te doen ingevolge bestaande wetgewing soos die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (PFMA) nie. Ons het bloot die basiese rekenpligtighedsmaatreëls herbeklemtoon, naamlik behoorlike beplanning en begroting; die instelling van interne beheermaatreëls; doeltreffende hantering van oortredings; die byhou van behoorlike rekords; asook geloofwaardige finansiële en prestasieverslaglewering," aldus Makwetu.

Volgens die OG, het die uitvoerende owerhede en oorsigstrukture versum om 'n toonaangewende rol te speel "wat rekenpligtigheid, deursigtigheid en goeie beheer sal bewerkstellig".

## A. Die audituitkomste met die eerste oogopslag

Die grafiek hieronder illustreer die audituitkomste van die nasionale en provinsiale regerings:

## Audit outcomes across national and provincial government



Makwetu se verslag sluit onder andere die volgende sleutelbevindinge in:

- Die algehele oudituitkomste het sedert 2014-15 verswak, met slegs 80 geouditeerde wat verbeter het en 91 wat verswak het. Slegs 100 (26%) van die geouditeerde kon daarin slaag om finansiële state en prestasieverslae van goeie gehalte voor te berei en te voldoen aan sleutelwetgewing om sodoende 'n skoon oudit te behaal. In 2014-15, het 106 geouditeerde skoon oudits ontvang.
- Daar was ernstige swakhede in die finansiële bestuur van nasionale en provinsiale owerhede wat in die afgelope vyf jaar nooit aangespreek is nie.
- Die finansiële gesondheid van geouditeerde het voortdurend verswak – metveral departemente wat gesukkel het om hul boeke te balanseer.
- Ongemagtigde uitgawes het hoog gebly op R1,365 miljoen.

- Daar was 'n ontluikende risiko van litigasie en eise teen die departemente. Meer as 'n derde van die departemente het eise ter waarde van meer as 10% van hul volgende jaar se begroting teen hulle gehad.
- 'n Totale tekort van R62,06 miljoen is opgeloop deur 31% van openbare entiteite wie se uitgawes hul inkomste oorskry het – 90% hiervan hou verband met die Padongelukkefonds.
- Vrugtelose en verkwistende besteding is steeds aan die styg, met 223 geouditeerde wat R849 miljoen in die huidige jaar verloor het. Oor die vyf-jaar tydperk was R4,16 miljoen van staatsbesteding vrugteloos en verkwistend.
- Onreëelmatige besteding het gestyg tot R62,60 miljoen vanaf R51 miljoen verlede jaar.

## B. Verslaglewering oor eerste jaar van implementering van die OG se uitgebreide magte

Wanneer rekenpligtigheidsmeganismes misluk soos hierbo beskryf, bied die PAA nou aan die OG 'n mandaat om wesenlike onreëelmatighede gedurende die oudits te identifiseer en om verdere stappe te neem indien rekenpligtige amptenare of owerhede nie sodanige onreëelmatighede behoorlik aanspreek nie. 'n Wesenlike onreëelmatigheid word omskryf as enige nie-voldoening aan of nie-nakoming van wetgewing, of enige bedrog, diefstal of versuim om 'n fidusière verpligting na te kom, wat tydens 'n audit uitgevoer ingevolge die PAA geïdentifiseer is en wat aanleiding gegee het of moontlik kan gee tot 'n wesenlike finansiële verlies, die misbruik of verlies van 'n wesenlike openbare hulpbron of substansiële skade aan 'n openbare sektorinstelling of die algemene publiek.

Die OG mag nou die aangeleentheid na 'n openbare liggaam verwys om dit te ondersoek of kan aanbevelings by die auditverslag insluit oor wat gedoen moet word om dit aan te spreek. Die wysigings gee verder aan die OG die mag om bindende remediële stappe te neem indien sy aanbevelings nie geïmplementeer word nie en, in die geval waar sodanige remediële aksie verontagsaam word, mag die

ouditkantoor 'n skuldsertifikaat uitreik sodat die verlore geld verhaal kan word van die betrokke rekenpligtige amptenare of owerhede.

## Die benadering om wesenlike onreëlmatighede tydens die 2018-19-oudits te identifiseer

'n Wesenlike onreëlmatigheid beteken enige bedrog, diefstal, verontagsaming van fidusière verpligtinge of nie-voldoening aan wetgewing wat aanleiding kan gee tot wesenlike verlies, die misbruik of verlies van 'n wesenlike openbare hulpbron, of ernstige skade aan 'n openbaresektor-instelling of die algemene publiek.

Vir die 2018-19 oudits, is 16 nasionale en provinsiale regeringsgeouditeerde geïdentifiseer vir implementering van die wesenlike onreëlmatighedsproses. Volgens Makwetu, is die geouditeerde geselekteer volgens hul audituitkomstes en hul geskiedenis van onreëlmatige besteding.

Die ouditeurs het 12 van hierdie oudits teen die datum van hierdie verslag voltooi. Makwetu het dit gekonseksualiseer deur te verduidelik dat die beperkte tyd vanaf 1 April 2019 – toe die PAA-wysigings in werking getree het – tot finalisering van die oudits, asook die kompleksiteit van die sake waarmee sy kantoor gehandel het en die tyd wat rekenpligtige amptenare en owerhede gegun is om te reageer op geïdentifiseerde wesenlike onreëlmatighede, hul vermoë om meeste van die oudits teen 31 Julie af te handel geaffekteer het.

## Verskil tussen wesenlike onreëlmatigheid en onreëlmatige besteding

Die tabel hieronder illustreer die verskil tussen 'n wesenlike onreëlmatigheid en onreëlmatige besteding:

Onreëlmatige besteding	Wesenlike onreëlmatigheid
Onreëlmatige besteding is alle besteding waar nie-voldoening aan wetgewing voorgekom het in die proses tot en met betaling. Byvoorbeeld, indien die verkrygingsproses vir die toekenning van 'n konstruksiekontrak nie voldoen het aan	Soos in die geval van onreëlmatige besteding, ontstaan wesenlike onreëlmatigheid ook weens nie-voldoening aan wetgewing, maar dit het 'n breër omvang en kan ook van toepassing wees op bedrog, diefstal en verontagsaming van fidusière verpligtinge (wat beteken dat 'n amptenaar

vooraadkettingbestuurswetgewing nie, sal alle betalings aan daardie kontrakteur onreëlmaticig wees. Wanneer onreëlmaticige besteding geïdentifiseer is, moet die rekenpligtige amptenaar of owerheid 'n ondersoek doen om die impak daarvan vas te stel deur te bepaal of sodanige nie-voldoening aanleiding gegee het tot 'n finansiële verlies, of daar enige bedrog betrokke was, en of 'n amptenaar aanspreeklik gehou moet word. Indien daar geen verlies of bedrog was nie, sal die onreëlmaticige besteding gekondoneer word nadat die nodige dissiplinêre stappe geneem is.

nie gedoen het wat die wet vereis en/of opgetree het in die beste belang van die geouditeerde nie). 'n Ander sleutelverskil is dat vir enige nie-voldoening om beskou te word as 'n wesenlike onreëlmaticigheid, daar reeds 'n aanduiding moet wees dat die nie-voldoening aangeleiding gegee het of waarskynlik aanleiding sal gee tot 'n wesenlike impak in die vorm van 'n wesenlike finansiële verlies, die misbruik of verlies van 'n wesenlike openbare hulpbron, of ernstige skade aan 'n openbare sektor-instelling of die algemene publiek.

## Resultate van die eerste fase van wesenlike onreëlmaticheidselementering

Die OG se verslag meld dat 28 wesenlike onreëlmaticighede in totaal geïdentifiseer is by agt van die geouditeerde, wat 'n finansiële verlies van R2,81 biljoen tot gevolg gehad het. R2,51 biljoen van hierdie bedrag is bekend aangesien die rekenpligtige amptenaar of owerheid die verlies gekwantifiseer het. Die res is bloot 'n beraming van die verlies.


Van die verlies wat bekend is, is R2,2 biljoen die bedrag wat na verwagting verlore sal gaan weens onreëlmaticighede in die aankoop van lokomotiewe deur Prasa (*Passenger Rail Agency of South Africa*).

Die meeste wesenlike onreëlmaticighede (10) is geïdentifiseer by die department van menslike nedersettings in die Vrystaat, gevvolg deur Prasa. (9).

Die grafiese hieronder bied 'n opsomming van die uitkomste van fase 1 van die wesenlike onreëlmaticheidselementering:

## Overall outcome

**28** MIs identified  
**R2,81 billion** financial loss  
 (R2,51 billion known and R0,3 billion estimated)




### Addressing the MIs

- 25 (89%)** – Accounting officer/authority is taking appropriate action
- 2 (7%)** – Recommendations included in audit report
- 1 (4%)** – MI referred to a public body

■ Completed audits – no MIs identified ■ Completed audits – MIs identified ■ Audits outstanding at 15 October 2019

Die grafiek hieronder lys die aard van die wesenlike onreëlmataighede wat tydens hierdie fase geïdentifiseer is.

### Nature of material irregularities



## Wat gebeur met die geïdentifiseerde wesenlike onreëlmatiche?


'n Wesenlike onreëlmaticheid is slegs volledig aangespreek indien-

- i. die verlies (of verdere verliese) voorkom is en/of enige verlies wat gely is verhaal is of alle moontlike stappe geneem is om sodanige verliese te verhaal; en
- ii. toepaslike stappe geneem is teen die persoon of party wat aanspreeklik was vir die verlies.

Die wesenlike onreëlmatiche, en vordering wat gemaak is om dit aan te spreek, sal in die geouditeerde se auditverslag en in die algemene verslae gerapporteer word totdat die onreëlmatiche volledig aangespreek is en rekenpligtigheid en oorsig moontlik is.

## C. Finansiële gesondheid van geouditeerde

Die volgende grafiek gee 'n aanduiding van die bewegings in nasionale en provinsiale finansiële status:



Die finansiële gesondheid van geouditeerde in meeste provinsies het óf verbeter óf onveranderd gebly, met die Oos-Kaap, Vrystaat en Noord-Wes wat verswak het. Daar is steeds 'n aansienlike getal geouditeerde in die Vrystaat wat dringend aandag nodig het.

Die finansiële gesondheid van departemente het weer ietwat verswak in 2018-19 – 'n voortsetting van die afwaartse spiraal sedert 2014-15. Die departemente met goeie finansiële gesondheid verteenwoordig slegs 15% van die uitgawebegroting van departemente.

Ingesluit by die 57 departemente met goeie finansiële gesondheidstatus in die huidige jaar is departemente wat daarin geslaag het om hul goeie finansiële status van die vorige jaar te handhaaf, ook in vergelyking met 2014-15. Hierdie departemente is meestal in Gauteng (agt), Wes-Kaap (vyf) en die nasionale regering (vyf).

In totaal het 13 van die 15 departemente wat ons geïdentifiseer het as departemente wat dringend ingryping benodig, in hul finansiële state aangedui dat hulle dit moeilik sal vind op voortaan te funksioneer.

## D. Toename in onreëlmataige besteding

Onreëlmataige besteding het toegeneem tot R62,60 biljoen vanaf R51 biljoen verlede jaar. Hierdie totaal sluit in onreëlmataige besteding deur geouditeerde waar die OGSA die oudits ná die afsnydatum van hierdie verslag voltooi het (R19,76 biljoen).

Dit is opvallend dat hierdie bedrag selfs hoër kon gewees het aangesien 34% van die geouditeerde gekwalifiseerd was omdat die bedrag wat hulle bekend gemaak het onvolledig was, en/of daarop gedui het dat hulle wel onreëlmataige besteding aangegaan het maar dat die volle bedrag onbekend was. Die OG meld verder: "Dit was nie moontlik om kontrakte ter waarde van R2,33 biljoen te oudit nie weens onbeskikbare of onvolledige inligting."

## **E. Afname in ongemagtigde besteding**

Makwetu sê dit is bemoedigend om te kan rapporteer dat ongemagtigde besteding met 23% afgeneem het sedert die vorige jaar, maar waarsku dat die toename in die getal van departemente wat hierdie soort uitgawes aangaan kommerwekkend is.

Vier van die 18 departemente wat ongemagtigde besteding in die huidige jaar aangegaan het, het ook hierdie tipe besteding oor die afgelope drie jaar aangegaan. Die twee departemente in die Vrystaat, naamlik Onderwys en Polisie, Paaie en Vervoer, gaan reeds vir die afgelope vyf jaar hierdie tipe besteding aan.

Volgens die OG skilder die hoë ongemagtigde besteding “’n prentjie van departemente wat nie in staat is om binne hul begrotings te funksioneer nie – wat dan lei tot tekorte en oortrokke rekeninge”. In totaal, het 108 departemente (74%) tegnies onvoldoende fondse gehad om alle skuld aan die einde van die jaar te betaal indien onbetaalde uitgawes by jaareinde ook in rekening gebring word. Dit beteken dat hierdie departemente die 2018-19 boekjaar begin het met ‘n deel van hul begroting wat as’t ware vooraf bestee was.

## **F. Toename in vrugtelose en verkwistende besteding**

Die getal geouditeerde met vrugtelose en verskwistende besteding het onveranderd gebly sedert die vorige jaar. In totaal het 184 geouditeerde vrugtelose en verkwistende besteding in beide die huidige en vorige jaar aangegaan, waarvan 158 sodanige besteding reeds vir die afgelope drie jaar aangaan.

Makwetu waarsku dat “die regering nie kan bekostig om geld te verloor weens swak besluitneming, nalatigheid of ondoeltreffendheid nie; ons sien egter steeds ‘n toename in vrugtelose en verkwistende besteding”. Hierdie besteding, wat effektief verlore geld is, het met 7% toegeneem sedert die vorige jaar. Die algehele toename was meestal as gevolg van ‘n verlies van R110 miljoen deur die nasionale Departement van Energie en R101 miljoen deur die Vrystaatse departement van gesondheid. Hierdie verliese hou verband met addisionele bergingskoste vir sonkrag-warmwatertoestelle vervaardig en

geberg deur verskaffers lank ná die ooreengekome datum, en remediére werk wat gedoen is op infrastruktuurprojekte, onderskeidelik.

## G. Staatsbeheerde entiteite verg dringende aandag

Die OG se verslag dui daarop dat die resultate van geouditeerde staatsbeheerde ondernemings (SBO's) verder verswak het sedert die vorige jaar. Nie een van die SBO's kon daarin slaag om 'n skoon auditmening te kry nie, met die Suid-Afrikaanse Poskantoor wat teruggesak het na 'n gekwalifiseerde auditmening, terwyl die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika verswak het vanaf 'n skoon audit in 2017-18 na 'n finansieel gekwalifiseerde mening met bevindinge in die jaar onder oorsig.

Sommige van die SBO-oudits was nog nie afgehandel teen die afsnydatum van 30 September nie. Die OG rapporteer egter dat die "situasie ietwat verbeter het in vergelyking met hierdie tyd verlede jaar". Volgens die OG, was die vertragings hoofsaaklik as gevolg van "finansiële state en oudits wat vertraag is omdat SBO's gesukkel het om te demonstreer dat hulle steeds in bedryf was".

Makwetu meld dat die SBO's se finansiële gesondheid "steeds onder geweldige druk verkeer" en dat daar wesenlike twyfel bestaan of sekere SBO's met hul bedrywigheude sal kan voortgaan sonder finansiële hulp. Daar was swakhede in die prestasieverslagleveringsprosesse en 'n toename in nie-voldoening aan wetgewing deur die 14 SBO's en hul belangrikste filiale wat deur die OGSA geoudit is. Hierdie entiteite het ook R1,4 biljoen in onreëlmatige besteding bekendgemaak, hoewel die bedrag selfs hoër kon gewees het aangesien die vier SBO's – Denel, die Suid-Afrikaanse Uitsaikorporasie, South African Express Airways en die Suid-Afrikaanse Bosboumaatskappy – gekwalifiseerd was ten opsigte van die volledigheid van hul onreëlmatige besteding-bekendmaking.

Die onreëlmatige besteding van die SBO's wat die OGSA nie geoudit het nie, bedra R57 miljoen, welke bedrag R49,9 miljoen by Transnet en R6,6 miljoen by Eskom insluit.

Die verslag wys daarop dat die 10 departemente wat verantwoordelik was om toesig te hou oor SBO's nie konsekiente oorsigpraktyke gehandhaaf het nie en dat meeste van

hulle nie behoorlik beplan het vir hul oosigfunksie en daaroor gerapporteer het in hul prestasieverslae nie.

“As auditkantoor, beveel ons aan dat die SBO’s gelei word deur stabilisering van hul leierskap getaan met operasionalisering van aksieplanne, welke planne ontwerp is om die SBO’s se strategiese rigting en interne beheermaatreëls te verbeter. Diegene wat getaan is met oorsig moet duidelike verantwoordelikhede toewys vir die periodieke evaluering van SBO’s se werklike prestasie teenoor die voorafbepaalde prestasiedoelwitte, asook die implementering van gevolge wanneer sodanige doelwitte nie bereik word nie,” aldus Makwetu.

## **H. OG pleit vir optrede om provinsiale audituitkomste te verbeter**

Die AG het ‘n beroep gedoen op die provinsiale leierskap en provinsiale wetgewers om aandag te gee aan die verbetering van audituitkomste in die provinsies.

### **Wes-Kaap lewer steeds die beste resultate**

Die Wes-Kaap behaal steeds die beste resultate met 79% skoon oudits, asook die laagste onreëlmatige sowel as vrugtelose en verkristende besteding. Op 74%, het die provinsie ook die hoogste getal geouditeerde met goeie finansiële gesondheid en geen geouditeerde met ongemagtigde besteding nie. Volgens Makwetu, was daar oor die afgelope vyf jaar “‘n soliede en konsekwente patroon van goeie audituitkomste” in die provinsie. Hy is van mening dat dit toegeskryf kan word aan die provinsiale leierskap en rekenpligtige amptenare en owerhede wat “‘n kultuur van rekenpligtigheid en goeie bestuur geskep het”.

### **H. KwaZulu-Natal se resultate bly onveranderd**

- I. Algeheel gesproke het die uitkomste in KwaZulu-Natal onveranderd gebly, met drie geouditeerde wat verbeter het en drie wat verswak het – hulle het nou vyf skoon oudits teenoor drie in die vorige jaar. Die OG meld dat daar tans herhalende tendense in die provinsie te bespeur is maar dat “‘n groter poging vereis word om sterker uitkomste te bewerkstellig”.

Op R12,4 miljoen, is die onreëelmatige besteding die hoogste van al die provinsies en meer as die onreëelmatige besteding van die nasionale regering. Sy afsluitingsaldo van R41,9 miljoen is ook die hoogste van alle provinsies – dit ten spyte van die OGSA se voortdurende aanbevelings dat die leierskap stappe moet neem om misbruik van voorraadkettingbestuurswetgewing te verhoed.

### **Oos-Kaap se resultate verbeter maar volhoubaarheid verg 'n groter poging**

Die Oos-Kaap se auditresultate het sedert 2014-15 verbeter maar 'n sterker poging word benodig vir volhoubaarheid. Die provinsie se audituitkomste het effens verswak in 2018-19. Volgens die OG was dit weens "die stadige pas waarteen grondliggende oorsake van die bevindinge wat ons elke jaar maak aangespreek word ten spyte van die verbintenisse wat rekenpligtige amptenare en owerhede teenoor ons gemaak het".

Die OG sê dat die kultuur van nie-voldoening, veral op die gebied van voorraadkettingbestuur, voortgeduur het as gevolg van die leierskap se verdraagsaamheid teenoor wetsafwykings. "Ons het weereens ons kommer uitgespreek oor die finansiële gesondheid van die geouditeerde in die provinsie – veral met verwysing na die verbintenisse gegee deur en eise ingestel teen departemente – wat potensieel 'n negatiewe impak op provinsiale befondsing kan hê.

### **Limpopo se verbeterde uitkomste is bemoedigend maar meer werk is nodig om dit te handhaaf**

Die verbetering in Limpopo se audituitkomste (drie geouditeerde het verbeter en een verswak) is 'n bemoedigende tendens, "maar meer werk moet gedoen word voordat ons kan sê dat die verbetering volhoubaar is," sê die OG. Hy is van mening dat ten einde volhoubare verandering te bewerkstellig, die gebrek aan discipline en beheermaatreëls aangespreek moet word en 'n besliste onderneming gegee word dat daar nagevolge vir wanprestasie sal wees.

Die provinsie se onreëlmataige besteding het toegeneem tot net meer as R2 biljoen as gevolg van wydverspreide nie-voldoening aan voorraadkettingbestuurswetgewing, “gevoed deur blatante verontagsaming van wetgewing en versuim om amptenare aanspreeklik te hou vir sodanige oortredings”.

### **Mpumalanga se resultate verswak**

Mpumalanga se oudituitkomste het verswak nadat daar ‘n verbetering in die vorige jaar was. Die OG se verslag meld dat die provinsie se resultate oor die afgelope vyf jaar wisselvallig was – met geouditeerde wat nie hul uitkomste kon handhaaf nie. Dit was hoofsaaklik as gevolg van ‘n versuim om sterk interne beheermaatreëls in te stel, wat dus aanleiding gegee het tot onstabiele interne kontrole-omgewings.

Makwetu sê Mpumalanga se oudituitkomste “moet fyn dopgehou word om te sien of die leierskap doeltreffend kan reageer op die waarskuwingstekens waарoor ons gerapporteer het”.

### **Nadat Gauteng jare lank 100% ongekwalifiseerde oudits behaal het, is daar nou ‘n nuwe neiging**

Makwetu sê sy kantoor het ‘n ontstellende neiging in die oudituitkomste van Gauteng bespeur. Nadat die provinsie vir jare 100% ongekwalifiseerde auditmenings ontvang het, het twee van hulle vrywaringsmenings ontvang. Skoon oudits het afgeneem van 12 na sewe. Onreëlmataige besteding het toegeneem en ons het weer tekortkominge in die bestuur en lewering van sleutelprojekte gerapporteer. “Rekenpligtige amptenare en owerhede het nie tydig gereageer op die bevindings wat ons in vorige jare gemaak het nie, veral met verwysing na die versterking van voorraadkettingbestuursprosesse en rapportering oor prestasie.”

“Ons is bemoedig deur die toonaangewende wyse waarop die premier met die uitkomste handel. Besliste stappe word reeds geneem om kollektief aandag te gee aan die aangeleenthede wat tydens die audit uitgewys is.”

### **Noord-Kaap se auditresultate verswak verder**

Soos in die vorige jaar, kon die Noord-Kaap nie daarin geslaag om sy audituitkomste noemenswaardig te verbeter nie. Die auditresultate het verswak, met twee terugsakkings en geen verbeterings nie, soos die geval was in die vorige jaar.

Die provinsie se leierskap het stadig reageer op die auditkantoor se aanbevelings oor beter beheermaatreëls en gevolge vir oortredings en swak prestasie. Volgens die OG, het die provinsiale leierskap in die verlede verskeie verbintenisse gegee, maar die impak daarvan was minimaal aangesien baie min gedoen is om sodanige verbintenisse te implementeer en te moniteer.

### **Vrystaat se algehele resultate verbeter maar rekenpligtigheid bly kommerwekkend**

Terwyl die audituitkomste van die Vrystaat ‘n algehele verbetering getoon het – vyf verbeterings en drie terugsakkings – en daar ‘n “merkbare poging was om ongunstige en vrywaringsmenings te verminder, bly algehele rekenpligtigheid in die Vrystaat steeds kommerwekkend,” aldus die OG.

Die Vrystaat is die enigste provinsie met geen skoon oudits nie. Sy finansiële gesondheid is baie swak, met 69% van geouditeerde wat dringend intervensie benodig. Die Vrystaat het ook die hoogste ongemagtigde asook vrugtelose en verkwistende besteding van al die provinsies.

“Daar is ‘n kultuur van ‘geen gevolge’, en die politieke leierskap is betrokke by besluitneming by sommige geouditeerde. Die voortgesette verontagsaming van verkrygingsprosesse het geleid tot onreëlmatige besteding by alle geouditeerde en het ‘n omgewing geskep wat blootgestel is aan wanbesteding, verkwisting en

misbruik van staatsgeld. Ons oudits het swak beplanning, bestuur en monitering van infrastruktuur en ander projekte uitgewys. Die afhandeling van hierdie projekte is dikwels vertraag, met die gevolg dat die gehalte van werk geaffekteer en projek-koste oorskry word. Dit het 'n negatiewe impak op dienslewering gehad aangesien fondse nie altyd doeltreffend aangewend is om volhoubare dienste te verskaf nie."

### **Noord-Wes moet sterker poging aanwend en fokus op verbetering van sy oudituitkomste**

Die premier het 'n voorbeeld gestel deur toonaangwend op te tree ten opsigte van rekenpligtigheid en die lede van die uitvoerende raad het dit verwelkom. Dit het geleid tot stagnasie van die algehele swak oudituitkomste vir die eerste keer in vier jaar. Dit dui moontlik op 'n ommeswaai maar sal 'n sterker poging en fokus van die nuwe politieke leierskap verg om oudituitkomstes te verbeter.

Na ingryping deur die interministeriële taakspan om vyf departemente in Julie 2019 onder administrasie te plaas, is daar sekere verbeterings in die kontrole-omgewing van departemente te bespeur. Hierdie verbeterings moet gehandhaaf en elders in die provinsie repliseer word. Hierdie bemoedigende neiging en poging was egter nie substantief genoeg om 'n impak op die algehele ouditinkomste te hê nie.

Onreëlmataige besteding het hoog gebly op R3,2 miljoen, met 'n afsluitingsaldo van R18,8 miljoen wat een van die hoogstes van al die provinsies was.

"Ons raai die nuwe politieke leierskap, tesame met die interministeriële taakspan, aan om voort te gaan om die toon aan te gee vir rekenpligtigheid en gevolge, insluitend pogings om beheer in die provinsie ten volle te herstel."

### **I. Voorkomende maatreëls benodig om beheerstelsels te verbeter**

Voorkoming van swak-gehalte finansiële state en prestasieverslae, asook nie-voldoening en wesenlike onreëlmataighede is meer doeltreffend as om met die

nagevolge daarvan te handel. 'n Pro-aktiewe benadering tot die identifisering van risiko's en 'n versekering deur rekenpligtige amptenare en owerhede dat hierdie risiko's versag word deur middel van voorkomingsmaatreëls, sal 'n positiewe impak op die beheeromgewing van geouditeerde hê.

"My boodskap oor die jare heen was dat 'n sterk beheeromgewing en -prosesse die sleutel is om ons strategiese doelwitte te behaal, om risiko's aan te spreek om voldoening aan wetgewing te verseker, en om openbare fondse tot voordeel van landsburgers te bestuur. Ek erken dat dit tydrowend is om goeie voorkomingsmaatreëls in te stel, veral in groot en komplekse omgewings, maar rekenpligtige amptenare en owerhede moet hul instellings doelbewus bou met die oog hierop."

Die intydse status van rekords wat die OGSA hersien en met rekenpligtige amptenare en owerhede bespreek dien as vroeë waarskuwingstelsel waarvolgens rekenpligtige amptenare en owerhede attent gemaak word op aangeleenthede wat potensieel kan lei tot ongewenste oudituitkomstes.

Ons verslae en inligtingsessies sal 'n goeie bron van inligting wees in hierdie verband, maar ons beveel ook sterk aan dat daar met die voorsitter van die ouditkomitee en hoof van die interne ouditeenheid oor hul perspektief geskakel word aangesien hulle 'n sleutelverantwoordelikheid het om risiko's en beheermaatreëls te evalueer.

Volgens die OG kan die Parlement en wetgewers, via die portefeuiljekomitees en staande komitees op openbare rekeninge, ook 'n deurslaggewende rol speel om voorkomingsmaatreëls te versterk.]

## **E. Afsluiting**

Makwetu meld dat hy bemoedig is deur die entoesiasme van die sesde administrasie se leierskap om die bestuurstekortkominge wat sy kantoor reeds jarelank uitlig aan te spreek.

Hy sê dat na wye skakeling met die nuwe leierskap op provinsiale en nasionale vlak (administratief sowel as oorsigtelik) "om hulle voor te berei vir die aanvang van die wesenlike onreëlmaticheidsproses en die noodsaaklikheid van rekenpligtigheid, is die geleenthede vir progressiewe en volhoubare verandering vir ons selfsprekend gebaseer op die entoesiasme en toegewyheid van hierdie nuwe leierskap. Indien ons dit kan omskep in tasbare aksie deur rekenpligtig op te tree, kan ons heelwat vorder om die huidige stand van ongewenste uitkomste om te swaai".

"Rekenpligtige amptenare en owerhede het positief reageer op kennisgewings van die wesenlike onreëlmatichede wat ons geïdentifiseer het en meeste van hulle neem tans toepaslike stappe om dit aan te spreek. Sommiges het reeds begin met sodanige stappe teen die tyd dat ons hulle formeel in kennis gestel het van die wesenlike onreëlmaticheid. By sommiges is voorlopige ondersoeke gedoen binne die 20 werksdae wat hulle gegun is om op ons kennisgewing te reageer. Dit demonstreer dat hulle verstaan wat hulle moet doen ingevolge wetgewing wanneer hulle bewus word van onreëlmatichede en dat hulle gewillig en in staat is om hierdie verantwoordelikhede te aanvaar."

Daar was 'n soortgelyke positiewe reaksie op Makwetu se beklemtoning van die waarde van voorkomende maatreëls om openbare hulpbronne pro-aktief te bestuur.

"Ons is ook bemoedig deur die besluit wat die Komitee van Voorsitters in die Nasionale Vergadering geneem het na afloop van die voorlegging van hierdie algehele nasionale audituitkomstes. Hulle het reeds besluit om die parlementêre oorsigmodel te hersien en intens te debatteer om te verseker dat hulle doelbewus sommige van die aangeleenthede wat ons uitgelig het inkorporeer. Dit sal help om die fokus van die portefeuiljekomitees te versterk. Hierdie interaksie word beplan vir Januarie/Februarie 2020 as deel van 'n omvattende nasionale reaksie op hierdie audituitkomste," sê Makwetu.

"As auditkantoor, bly ons daartoe verbind om onvermoeid binne ons mandaat te werk ten einde finansiële en prestasiebestuur in die nasionale en provinsiale

regerings te versterk, met die klem op rekenpligtigheid en korrekte toepassing van basiese beginsels. Ons moedig die Parlement en provinsiale wetgewers, asook die politieke en administratiewe leierskap aan om hul werk doeltreffend en sonder aansiens des persoons te doen ten einde aanspreeklikheid vir staatsbesteding sowel as die verbetering van landsburgers se lewens te verseker," sê Makwetu ter afsluiting.

**Uitgereik deur:** Die Ouditeur-General van Suid-Afrika

**Kontak:** Africa Boso • (012) 422 9880 • [Africab@agsa.co.za](mailto:Africab@agsa.co.za)



**Volg die OGSA op Twitter:** [AuditorGen\\_SA](#)

**Medianota:** Die Consolidated general report on the PFMA national and provincial government audit outcomes is beskikbaar by [www.agsa.co.za](http://www.agsa.co.za). Hierdie mediavrystelling en die vertaalde weergawes in IsiZulu, Afrikaans, Sesotho, Xitsonga en Tshivenda sal ook op ons webwerf beskikbaar wees.

**Oor die OGSA:** Die OGSA is die land se opperste auditinstelling. Dit is ook die enigste instelling wat regtens moet audit en verslag lewer oor hoe die regering belastingbetalers se geld bestee. Dit is die OGSA se fokus sedert sy onstaan in 1911. Die organisasie het in 2011 sy 100-jarige openbare sektor-ouditeringsnalatenskap gevier.